

CON SPIRITO

VOORGESKREWE GEDIGTE AFRIKAANS VIR 2021

<p>GRAAD RRR OU JUFFROU PADDA - Onbekend</p> <p>Tien klein paddatjies, kom sit in 'n kring. Bring julle boekies en laat ons sing. Maak julle bekkies wawyd oop! En sing vir my so soet soos stroop! "Kwak kwak kwak! Kwek kwek kwek!" Tien klein paddatjies maak my gek!</p>	<p>GRAAD RR 'N DRUKKIE VIR OUPA – Jaco Jacobs</p> <p>Oupa, hier's vir jou 'n drukkie. 'n Lekker stywe een. Ek stuur dit met my selfoon, jy mag dit 'n rukkie leen. Maar sodra die virus weg is en al's t'rugkeer na normaal, gaan ek by jou kom kuier om my drukkie te kom haal.</p>
<p>GRAAD R WOEFIE IS MY KOLLIEHOND – Onbekend</p> <p>Woefie is my kollie hond ons twee hardloop buite rond. As ek op my rietperd ry is ou Woefie altyd by. Somtyds as die hond van my met die stompstert kat baklei kry ou Woefie dan 'n klap en kies ou Woef die hasepad. Eendag toe ons saam gaan jag, wou ek my so stukkend lag. Plaas dat hy 'n leeu moet vang, word hy vir 'n meerkat bang!</p>	<p>GRAAD 1 AS JY – Jaco Jacobs</p> <p>As jy die hele alfabet van A tot Z kan burp. As jy 'n string spaghetti deur jou neus kan opslurp. As jy elke liewe grappie in die grappieboek ken. As jy lag-lag 'n poetsbakkompetisie kan wen. As jy die skoolhoof laat nagmerries kry... Dan is jy beslis die perfekte vriend vir my!!</p>

GRAAD 2

OUMA – Onbekend

Ek hou daarvan om saam ouma te loop.
Haar treë is kort soos myne.
Sy sê nie: "Loop vinniger!" nie en
sy vat altyd haar tyd.

Ek hou daarvan om saam ouma te loop.
Haar oë sien soos myne.
Die klein klippies in die pad, 'n mooi wolk
of dou druppels op die blare raak.

Die meeste mense loop vinnig.
Hulle stop glad nie om te kyk.
Ek is so bly die Here het my ouma
gemaak.
Stadig en jonk soos ek!

GRAAD 3

BINNE-IN MY PEN – Jaco Jacobs

Kyk... hier binne-in my pen
sit my Engelse opstel.
Die spelwoorde is ook hier
en dis als perfek gespel.
My wetenskapprojek
kruip ook hier binne weg,
saam met al my wiskunde,
en elke som is reg.

My boekverslag, musiekteorie,
die vrae oor hoofstuk vyf -
dit is als hier in my pen.

As my pen tog net wou skryf,
maar juffrou is mos slim,
so verduidelik tog vir my
hoe op aarde ek my huiswerk
hier uit my pen gaan kry?

GRAAD 4

KRIEKERASIE – Pat Scott

Kriekerasie – jou diererasie!
As ek net weet waar jy is,
dan is jy dood, gewis!
Die hele liewe nag,
is jy aan't kriek-tjier-tjier.
Waar kruip jy weg?
Is jy daar of hier?

Ek soek agter die kas langs die klavier,
maar as ek naby kom,
is jy skielik stom.
En draai ek kom,
begin jy weer!

Aan jou is daar geen keer!
Dit skree, dit skrei,
dit dryf my heel tot raserny!
Ek is so moeg, ek wil graag slaap.
My oë brand, ek bly aan't gaap.
Kan jy nie ophou rasie,
jou nare kriekdiererasie?

GRAAD 5

DIE SPOOK – Clarice

Dit spook in ons huis ek kan dit voel...
In die klap van 'n deur in die ruk van my stoel!
Snags as ek gaan slaap begin my hart te klop, en as ek iemand roep, is daar iets wat my stop.
My ma sê dis bog, my boetie lag my uit!
Maar gisteraand kon ek sweer daar staan iets by my ruit!

Die wind het gehuil, my hond het gegrom.
Die spook het gestaan met haar rug hoepelkrom!
Haar bril was gewasem, haar hare deurmekaar.
Nes my Wiskunde juffrou Mevrouw van den Aar!

Ek vra haar toe skuldig waarom sy my so pla?
En met 'n kwaai gegluur vra sy: "Is jou huiswerk al klaar?"

GRAAD 6DIE PERFEKTE DAG VIR PANNEKOEK –
Jaco Jacobs

Hoor Hoe waai die winterwind,
die reën suis op die dak.
'n Bibberkoue dag soos die
is perfek vir pannekoek bak!
Sien? Nou's jy lus vir pannekoek.
Kry die eiers en die meel.
Mmmm – gou-gou ruik die hele huis
na suiker en kaneel.
Toe nou, waarvoor wag jy nog?
Gooi olie in die pan.
Warm, goudbruin pannekoek -
'n liplek-lekker plan!
Vandag is aaklig koud en nat,
dis regte pannekoekweer.
Laat tol n pannekoek in die lug -
het jy dit al probeer?
Dis die perfekte dag vir pannekoek.
Pannekoek bak is pret!
So, gaan bak 'n stapel pannekoek -
Ek wag hier in die bed!

GRAAD 7

MONSTERPARTYTJIE – Annemari Coetser

Daar's 'n monsterpartytjie
op oom Piet se plaas,
elke gogga en geitjie
wil grootpraat en raas.

'n Benerige geraamte
is heel uit sy humeur
en 'n wit spookgedaante
loop dwarsdeur die deur.

'n Besete kadawer
jaag 'n afbeen-kind,
eet 'n bloedrooi papawer
en foeps in die wind.

Daar's 'n haan met 'n houding,
ag hemel behoed!
Hy pronk rond soos 'n skouding
en skiet wie hom groet.

Dis moord en dis oorlog
in oom Piet se huis,
elke grynsende gedrog
lê in met die vuus.

Dis 'n aaklige storie,
die toekoms lyk sleg,
by my goeie gedorie:
bly liewer daar weg!

GRAAD 8 tot 9

KABOUTERLIEFDE – Onbekend

Die kabouter met die rooi-rooi pet.
Die kabouter met die geel hemp aan,
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan.

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval.
Hy't dit blink-blou in sy hand gerol.
Toe speel ons daarmee bal.

Die sterre met hul wit ligte,
het geknipoog toe ons lag.
Hul't rondom ons in 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag.

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring.
Die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing.

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug.
Hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug.

Die kabouter met die rooi-rooi hart,
het dit self vir my gesê.
Hy't die aardbol oor sy kop gegooi.
O dis hier waar die liefde lê.

GRAAD 10 tot 12

DAGBREEK DIEF – C. Louis Leipoldt

Ligvoets krulpoot
draf die jakkels
kort teen dagbreek
deur die blare en die hoenders
In die skelm Kennebakkies
pryk die hoenderveer.
Ou kalant
En so gallant.
Met sy glimlag
van wit kiestand
selftevrede
hoog verhewe
bo die strewer
van 'n kewer en
ook ander miere.
Om den brode.

Losklos
Draf hy
Met sy kos -
telike bakkies!